Beste Estie,

Ek was vir die soveelste keer in my lewe verkeerd.

In Oktober 2007 toe ek vir jou die e-pos hieronder gestuur het, het ek geglo dat dit die laaste geleentheid sou wees waar ek jou om verskoning sou kon vrae. Ek was gelukkig verkeerd en nou het weer die kans om verskoning te vrae en sake te probeer reg stel, as ek kan.

Die e-pos wat ek in 2007 vir jou gestuur het, het as volg gelees:

"Vergifnis

Hallo Estie,

Jy wonder seker wat aangaan; al die skielike e-posse!

Maar dit kan nie anders nie; dit is 'n saak wat sonder verdere verwyl afgehandel moet word. Ek glo nie ek gaan 'n tweede kans gegun word nie.

Hierdie is iets wat ek doen in opdrag van die Groot Regter. Die Regter wat my harder geslaan het as wat ek ooit gedink het moontlik kan wees – dit oor die ongeloooflike onreg wat ek aan my vrou, my kinders en ander mense gedoen het; die onbeskryflike gemors wat ek, 'n intelligente wese, van my lewe gemaak het.

Dit kon soveel anders gewees het!

Ek was 'n rukkie lank op die randjie van die Ewigheid gebalanseer (net twee weet hiervan), toe die Beskikker oor Lewe en Dood my teruggeruk het om om verskoning te kom vra vir dit wat ek gedoen het, want regmaak dié kan ek nie ... Ook om die half-klaar take te kom voltooi en daardeur reg te laat geskied aan die talente wat Hy so goedgunstelik aan my geskenk het.

Uit die geweld waarmee die Skepper opgetree het, was dit duidelik dat hy my nie net wou skrikmaak nie; hy wou my doelbewus 'n les leer; hy wou my hervorm – iets wat hy sonder enige moeite in sy Volmaakte Almag gedoen het toe hy my sonder seremonie net eenvoudig platgeslaan het!

Was dit nie vir Ma se liefde nie, sou ek dit sekerlik nie gemaak het nie.

Maar ek is hier om jou, met groot emosie, om verskoning te vra vir alles wat ek jou aangedoen het en alles wat daarmee gepaard gaan. Of dit alleen genoeg is, is 'n uiterse debateerbare vraag. Maar ek sal selfs jou voete was as dit sal help.

Vergewe my. Op papier is ek jou pa, maar nie in jou hart nie.

Ek verkwalik jou nie.

Ek is baie lief vir jou.

Groetnis, "

In hierdie-pos in 2007 het ek nie die moed gehad om die onreg wat ek jou aangedoen het, en wat jy in grafiese detail uiteengesit het in jou verklarings, te erken nie.

Ek onthou nie alles in detail soos jy doen nie. Ek het ook nie toe besef watter dramatiese effek my roekelose optrede op jou lewe sou hê nie. Ek het jou lewe verwoes en vat volle verandwoordelikheid daarvoor. Regmaak kan ek nie.

Dit was met skaamte wat ek die verklarings wat jy afgelê het, gelees het. Ek kan nêrens met jou verskil nie en wil nie eers begin om myself te probeer verontskuldig nie.

Ek is skuldig aan alles wat jy beskryf en ek is verskriklik jammer dat ek dit aan jou gedoen het. Die skuld wat ek destyds op jou wou plaas was ongegrond. Jy was nie verkeerd nie, ek was verkeerd. Dit was nie jou skuld nie, dit was my skuld. Ek was ook nie vir jou die beste pa nie maar jy was vir my die beste dogter.

Hierdie was die geleentheid waar ek graag wou probeer om vergifnis te vrae en sovêr moontlik weer 'n versoening in die gesin te kry.

Ek verstaan dat jy nie jou weg oop sien om my weer te ontmoet nie want wat ek hier op papier sê sou ek graag aan jou in persoon wou sê.

Die skade wat ek aangebring het was ook nie beperk tot jou nie, my hele gesin is as gevolg van my optrede benadeel en verwoes en selfs jou verhouding met ander mense moes seer sekerlik daaronder gely het.

Weereens, en uit my hart uit, vrae ek nederig om verskoning.

Ek kon nie meer saamleef met die onreg wat ek jou aangedoen het nie en is verlig om alles hier teenoor jou te ken erken.

Die Skepper het my geen vrede gegun nie en ek sal moet saamleef met die onreg wat ek jou en ons gesin aangedoen het. Dit is die kruis wat ek moet drae tot die dag van my dood.

Een van die dae word ek 83 jaar oud. Die sake waaroor ons praat het amper 50 jaar gelede plaasgevind en ek moes lankal verandwoordelikheid daarvoor geneem het. Ook hiervoor vrae ek om verskoning.

Ek wens jou vrede toe en hoop dat jy ten minste berusting sal kry al wil jy my dalk nooit weer in jou lewe sien nie.

Vaar wel my kind en ek bly lief vir jou.

J A RODRIGUES

14/5/2021